

SKRIFLESING: Matteus 5:6

Tema: Gelukkig is hulle wat honger en dors na wat reg is.

Om geseënd te wees beteken om werklik of selfs onuitspreeklik gelukkig te wees. In Psalm 1 word die woord geseënd met welgeluksalig vertaal. Almal van ons wil werklik so gelukkig wees. Hoe is dit moontlik?

Lees Matt 5:6

Wat bedoel die Here Jesus as Hy hy praat van: "dié wat honger en dors..."? Hy praat hier van 'n onversadigbare, lewensnoodsaaklike drang. Dit is 'n drang wat ons nie kan ignoreer nie. Ons lewe hang hiervan af!

Iemand wat sy honger en dors ignoreer, sal swak word en uiteindelik doodgaan! Jesus sê: "Geseënd is hulle wat 'n intense, onversadigbare drang diep in hulle binneste beleef!" Om die saak nog meer intens te maak, is die woorde van die Here Jesus Christus hier in 'n Griekse vorm wat nie net dui op 'n eenmalige honger en dors nie. Jesus sê nie dat hulle wat eens op 'n tyd 'n drang gehad het, geseënd is nie. Jesus se woorde dui op 'n toestand: "Geseënd is hulle in wie se harte daar altyd 'n intense, onversadigbare drang heers."

'n Drang na wat?

Ek gaan myself onderbreek en vir jou 'n lastige vraag vra: "Waarna honger en dors jy?"

Wat neem die meeste van jou tyd in beslag?

Wat leef in jou hart en jou gedagtes?

Waarom spandeer jy die meeste geld?

Waarom wy jy jou kragte en talente?

Wat oorheers jou lewe? Is dit dieselfde goed wat vir Jesus belangrik is?

Jesus sê dat as jy werklik gelukkig wil wees, dan moet jy honger en dors na wat reg is.

"Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word." Die Boodskap vertaal dit met: "Gelukkig is almal wat met alles in hulle daarna streef om te doen wat God vra." Die Ou Vertaling het gepraat van: "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, ..."

"Geregtigheid" verwys na God se regeer as regter. Hy laat geregtigheid geskied.

Dit was soos in 'n hofsaal. God, die regter, moes uitspraak lewer vanaf die regsbank. In die beskuldigdebank het ek en jy gestaan. Ons was skuldig aan sonde. Ons straf was die doodstraf. Ons kon dit op geen manier ontkom nie. Maar God se geregtigheid is gevul met liefde vir my en jou. Hy laat ons uit die beskuldigdebank kom en plaas sy Seun daar in ons plek. Hy word aan die kruis gespyker in my en jou plek. Daar dra Hy die straf op ons sonde. Hy staan op as oorwinnaar oor die dood. In Hom is ons meer as oorwinnaars!

God honger en dors om in 'n regte verhouding met jou te staan.

Jesus roep ons op om elke oomblik te honger en te dors om met God in die regte verhouding te staan. Dit is maklik om daarvoor te praat, maar dit is nie so maklik om dit te leef nie. God se standaard is hoog!

God se minimum toelatingsvereiste vir 'n regte verhouding met Hom is volmaaktheid en sondeloosheid. Dis hoe mense moes wees wat ewige lewe in eie krag sal beërwe. Kan ek gou die hande sien van sulke mense hier onder ons? Is hier foutlose, volmaakte, perfekte mense onder ons? Natuurlik nie, want ons is almal deur sonde bevestig! Ons word nie in die regte verhouding met God gebore nie en as daar nie iets drasties in ons lewens gebeur nie, sterf ons verewig sonder God.

Om te honger en dors na God is om bewus te raak daarvan dat die verhouding tussen jou en God verwoes is deur jou sonde. Om te honger en dors is om met jou hele mensewees te smag na God se oplossing om vrede tussen jou en Hom te herstel. Om te honger en dors na geregtigheid is om te bly soek totdat jy Jesus vind!

Ons verhouding met God kom nie reg deur kerk, gebed, opofferings, eerlikheid, dankoffer, vas of sakramente nie. Dit word alleen herstel deur Jesus!

Om te honger en dors na geregtigheid is om al jou trots, verskonings en goeie voornemens opsy te skuif en jou eie ek onvoorwaardelik voor Jesus se voete neer te lê. Dit is om dit wat Hy in die beskuldigdebank voor God in jou plek gedoen het, te aanvaar. Dit is om jouself te verloën, jou kruis op te neem en Hom te volg. Dit is om die Here as die Koning van jou lewe te kroon.

Die dag wanneer jy so oorgee, is die dag waarin jou verhouding met God in 'n oogwink herstel word. Op die oomblik waarin jy in 'n gebed oorgee aan Jesus Christus word jy vry gemaak van alles wat gemaak het dat jou saak met God nie reg is nie. Op daardie oomblik word jy deur die bloed van Jesus Christus skoongewas van jou sonde en luister mooi... op daardie oomblik word die heiligheid en geregtigheid wat Jesus aan die kruis op Golgota met Sy bloed verwerf het, aan jou geskenk. Jy verdien dit nie! Jy het nie daarvoor gewerk nie! Jy ontvang dit as geskenk. Jy is nou in die regte verhouding met God en wil Hom reg dien. Onder leiding van sy Heilige Gees soek jy na Sy wil in die Woord en jy leef dit uit.

Wanneer jy in 'n regte verhouding met God is, ontstaan daar 'n nuwe honger en dors in jou hart. 'n Tweede honger en dors vloei voort uit die eerste. Omdat jy 'n kind van Here geword het en sy Gees in jou leef, wil jy graag soos Hy wees. Die dinge wat Hom hinder, hinder jou. Die dinge wat Hom laat huil, laat jou huil. Jy lag oor die dinge wat Hom laat lag.

Jy honger en dors om in die regte verhouding met mense te staan.

Vanuit 'n regte verhouding met God, verteenwoordig ons nou God se reg in die samelewing. Ons tree op teen die uitbuit van mense. Ons laat ons stem hoor waar mense mishandel en verdruk word. Ons veg teen rassisme, onreg, wetteloosheid en oneerlikheid. Ons maak ons nie self daaraan skuldig nie.

In 'n land met van die grootste kontraste tussen ryk en arm, kan ons as kerk nie daaroor swyg nie. Ons moet iets daaraan doen. Ons moet werk vir die Goddelike ewewig waarvan ons lees in 2 Kor 8:13-15:

"Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorfloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorfloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig. Daar staan ook geskrywe: "Dié met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie, nie te min nie."

Ons lees ook iets van die regte verhouding met mense in Jak 1:27: "Egte en suiwer godsdienst voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld."

Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is. Hulle sal nie honger en dors bly nie. Hulle sal versadig word. Ons sal versadig word met die oorfloed van God se seëninge sodat ons weer op ons beurt ander kan seën. Dit is waarna ons as kerk moet honger en dors.

Amen